Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, March 10, 2019
Page: 5

Kies trust as jy eiendom wil beskerm

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek het twee weke gelede hier geskryf hoekom ek meen dat die testamentêre bepaling waarvolgens erfbates nie onderhewig sal wees aan die regsgevolge van 'n huwelik nie, eintlik betekenisloos is. (*Rapport Sake* 24 Februarie 2019: "Bates nié uitgesluit van huwelik met bemaking.")

Die vraag wat ek na aanleiding hiervan van lesers gekry het is, hoe dan?

Hoe maak 'n pa dan wat eiendom aan sy dogter bemaak, maar dit vir haar wil beskerm?

Die testament is die plek, maar nie met dié sinlose bepaling nie.

Vir diegene wat die rubriek misgeloop het, net kortliks, die klousule (waarvolgens 'n erfbate uitgesluit word van die regsgevolge van 'n huwelik) is 'n testamentêre voorwaarde wat gestel word.

Aangesien daar geen sanksie aan gekoppel is nie - en prakties onmoontlik gaan wees om daaraan te koppel - is dit na my mening 'n nudum praeceptum, of naakte bepaling.

Dit het geen effek nie.

Dit kán sin maak om bates só te laat vererf dat dit beskerm is teen nie net toekomstige of huidige huweliksmaats nie, maar ook teen skuldeisers.

Belastinggevolge (byvoorbeeld boedel- en kapitaalwinsbelasting) rondom die erfbate vir die nasaat is 'n ander oorweging.

Om óm die probleem te kom, is daar opsies, hoewel elkeen behoorlik deurdink moet word, want alles wat jy doen, of nie doen nie, het 'n regs- of finansiële gevolg. Ek kyk na enkeles.

'n Trust, in lewe of ná dood, is my eerste alternatief. Die rede hiervoor is dat die bate nie net uitgesluit is van huweliksrisiko's en huweliksmaats nie; dit is ook beskerm teen die erfgenaam self. Dink aan skuldeisers en geldverkwisting.

Die eiendom val nie in die boedel van die erfgenaam nie. Dit behoort aan die trust. Daar is ook nie boedel- en kapitaalwinsbelasting by dood van die erfgenaam nie.

Meer as een erfgenaam, en afstammelinge van erfgename, kan vir baie jare daaruit voordeel trek - veral met 'n lewende trust.

'n Ander opsie sou wees om 'n beperkte reg te skep oor die eiendom ten gunste van jou erfgenaam. 'n Vruggebruik is so 'n reg.

So ook 'n fideicommissum.

Daar is tegniese verskille tussen die twee, maar die belangrikste om te verstaan in die konteks van hierdie rubriek is dat jy in die geval van so 'n beperkte reg nie die eiendom bemaak aan daardie erfgenaam vir wie jy die eiendom probeer beskerm nie, maar aan iemand anders. Jou eintlike erfgenaam kry net beperkte regte daarop, wat lewenslank kan wees.

Dit skep 'n sirkel-argument. Wat nou van die huweliksgevolge in die geval van daardie ander erfgenaam, die een aan wie jy nou bemaak ten einde die eiendom te beskerm teen die regsgevolge van die huwelik vir die eerste erfgenaam?

Jy het dan mos niks bereik nie, net iemand anders uiteindelik bevoordeel en die voordele van 'n direkte bemaking vir jou oorspronklike erfgenaam verwater.

Daarom sal ek, as jy graag die eiendom wil beskerm, nie verder kyk as 'n trust nie. Dit bied groter beskerming as net teen huweliksgevolge.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.